Beeld 12 October 1991

Machel se vrou wys nog vinger na SA 'magte'

Samora se drie dogters snik in stoppelland

Deur Johan van Wyk

NBUZINI (KaNgwane). - Die spook van die Machel-lugramp wil maar net nie vir mev. Graca Machel gaan lê nie. Ná vyf jaar én die Margo-verslag wat die teendeel bewys, glo sy steeds Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte het die ramp bekonkel.

Mev. Machel, haar vyf kinders en sowat sestig familielede van die 35 ander slagoffers van die ramp het gister vir die eerste keer die plek tussen die snikhete heuwels van Nbuzini besoek waar pres. Samora Machel se vliegtuig laatnag op 19 Oktober 1986 in 'n stoppelland ingeploeg het.

Die stoppelland is steeds daar - net die omheinde gedenksteen is nuut.

Hulle besoek Nbuzini nou eers omdat die politieke klimaat in Suid-Afrika voorheen nie reg was nie. Eers noudat die pilare van apartheid begin omkantel en haar kamerade soos mnre. Nelson Mandela en Oliver Tambo terug is in Suid-Afrika, kon hulle kom kyk waar die "held" Samora Machel "neergevel" is.

Dieselfde mense wat vryheidsvegters soos Ruth First in Mosambiek doodgemaak het, het haar man en sy medepassasiers doodgemaak, het sy weduwee gesê. "Die waarheid sal uitkom."

Sy gee nie om om nog jare daarvoor te wag nie. "Ons het die reg om te weet wat werklik gebeur het," het sy gesê.

Die [illegible] minister van KaNgwane, het ook die bevindinge van die Margo-kommissie verwerp en gesê "iets anders as foute van die bemanning" het die ramp veroorsaak.

Mnr. Zitha, 'n stuk of vier van sy ministers en 'n groep ANC-verteenwoordigers, onder wie mev. Winnie Mandela, mnr. Oliver Tambo, mnr. Jacob Zuma, mnr. Joe Modise en die nuutverkose leier van die ANC in Wes-Kaapland, dr. Allan Boesak, het mev. Machel ingewag.

Toe die konvooi motors by Nbuzini aankom, was werknemers van die regering van KaNgwane reeds besig om twee ossé te slag en die vleis in die velle op te sny vir die middagete van pap en vleis.

Die hartseer was te groot vir mev. Machel se dogters, Olivia, Ornila en Josina, toe hulle saam met hul ma en die ander naasbestaandes al singende teen die heuwel uitgestap het tot waar die vliegtuig met hul pa daarin die grond getref het - al drie het begin snik.

Die naasbestaandes het twee marmerblaaie met name van die dooies daarop by die gedenksteen staangemaak voordat naasbestaandes en ANC-afgevaardigdes kranse voor die steen gelê het.

"Dié 35 druppels bloed wat hier gestort is, meng met die bloed van miljoene Mosambiekse mynwerkers wat in Suid-Afrikaanse myne gesterf het en Suid-Afrikaners wat hul bloed vir vryheid opgeoffer het," het mev. Machel gesê.

Die Beeld 12 OCT 1991

I PRESSCLIPS